Inligtingsbrosjure
en
Jaarprogram

Struben Park Str 329, Lynnwood, Tel:012 348 6066

➢ Visie:

Ons visie is om elkeen van ons kinders te help om hulle volle potensiaal te ontwikkel as emosionele intelligente kinders met Christelike waardes en normes.

➢ Missie:

Ons missie is dus om 'n veilige, liefdevolle stimulerende omgewing te skep waar ons kinders respek, aanvaarding en liefde ervaar. Dat elke individuele kind sy volle potensiaal kan bereik. Dat ons onderwysers en versorgers altyd op hoogte sal bly van die nuutste tendense in die onderwys en 'n sprekende voorbeeld vir die kinders sal wees.

➢ Sillabus:

Heideland Lynnwood Kleuterskool volg 'n sintuiglike stimulerende, ontwikkelingsprogram wat ouderdomsgerig is. Die Graad R leerders volg die Nasionale Kirrikulum (CAPS).

➢ Gedragskode:

Ons visie is om elkeen van ons kinders te help om hulle volle potensiaal te ontwikkel as emosionele intelligente kinders met Christelike waardes en normes.
Onderneming – Ten einde ons visie te verwesenlik word kleuters se gedrag onderhewig gestel aan:

- die wet op onderwysaangeleenthede
- skool se gedragskode
- skool se dissiplinêre stelsel
- relevante dokumentasie van skool

Minimum doelstellings :

- Skool moet 'n verlengstuk van die huis wees – as daar slegs een keer gepraat word, leer 'n kind van kleins af om te luister.
- Kleuters moet geleer word om respek vir ander maatjies te hê, asook vir volwassenes.
- Binne die skool se reëls te bly.
- Om die skool se eiendom op te pas, sowel as die van hulle maatjies.
- Geen vuil taal is by die skool aanvaarbaar nie.
- Om gesag van enige volwassene wat vanuit 'n gesagsposisie optree, te respekteer.
- Opsetlike en aanhoudende afknouery en bakleiery is ontoelaatbaar.

U sal geskakel word indien u kleuter herhaaldelik nie na ons luister nie en u sal versoek word om u kleuter self te kom dissiplineer.

➢ Dissipline:

Dissipline word op ’n positiewe manier benader en as ‘n opvoedingsgeleentheid gebruik. Ons het vyf reëls in ons skool wat gebasseer is op die vyf kinderregte, wat ook menseregte is.

RESPEK -vir maats, besittings, ander en volwassenes
LUISTER -reg om na geluister te word, luister ook na maats, ander en volwassenes
BESKERM - toepassing van veiligheidsreëls
OMGEE - reg op emosionele en fisiese versorging
GROOTMAAK - Opvoeding om gebalanseerde verantwoordelike, intellektueel gestimuleerde volwassene te word.

Geen lyfstraf word toegedien nie. Dissipline begin reeds in die ouerhuis. Maak u kleuter bewus van respek ten opsigte van personeel, maats en skooleiendom. Daar word van ouers verwag om dissiplineprobleme tuis te hanteer. Indien dissiplineprobleme met ‘n kind herhaaldelik voorkom, sal die saak met die ouers bespreek word. Indien daar geen verbetering is nie, sal verdere optrede noodsaaklik wees. Kinders word gedissiplineer ter wille van hulself, maar ook ter wille van ander kinders.

➢ Gesondheidsbeleid:

Beleid in verband met medisyne:

- Volgens landswette mag geen medikasie by ’n werksplek of skool toegedien word nie a.g.v. dwelm-risiko, maar ons kom die ouers tegemoet.
- Slegs voorgeskrewe medikasie sal ingeneem word, met ’n afskrif van die dokter se voorskrif daarby/ ’n brief van die dokter/ ’n naametiket wat deur die apteker opgeplak is en waarop geen verandering met ’n pen of van enige ander aard aangebring is nie.
- Wanneer ’n kleuter op bv. Antibiotika is en aan die einde van die kursus, kan ons die medisyne wel by die skool toedien, maar slegs as die voorskrif meer as tweemaal per dag spesifiseer en die kleuter ’n voldag kleuter is.
- Geen vitamiene- of hoesstroop of simptomatiese stroop toegelaat nie en sal nie by die skool toegedien word nie.
- Medisyne moet duidelik gemerk wees en in die medisyneboek ingeskryf word deur ouer.
- Kyk asseblief na ons gesondheidsbeleid.
- Dit is die ouer se plig om die medisyne in die middag by die Vlinderklas te kry.
- *Prosedure*:
  - Oorhandig die medisyne aan die personeellid aan diens of aan u kleuter se klasonderwyseres, in die oggend.
  - Slegs voorgeskrewe medisyne word deur die klasonderwyseres of personeellid aan diens aan ’n kleuter toegedien.
  - Ouer voltooi vorm in die medisyneboek wat in die klas beskikbaar is.
  - Die personeellid wat die medisyne toedien, teken daarby, nadat die medikasie toegedien is.
  - In die middag word die medisyne by die Vlinderklas afgehaal.

- GEEN MEDISYNE MAG IN ’n KLEUTER SE TAS SKOOL TOE GESTUUR WORD NIE!!! Dit is ’n ernstige oortreding.

Beleid in verband met veluitslag:

- Indien u kleuter ’n veluitslag het, word een van die ouers geskakel en die kleuter moet so gou as moontlik by ’n dokter uitkom, om seker te maak of dit aansteeklik is of nie.
- Wanneer ’n kleuter terugkom skooltoe, moet die veluitslag verbeter het en ’n doktersbrief is noodsaaklik, waarin bevestig word dat dit nie aansteeklik is nie.

Beleid in verband met hand, voet en mond siekte (koksaki en of impetigo virus)

- Indien n kleuter enige tekens toon van bogenoemde virus, word een van die ouers geskakel en die kleuter moet so gou as moontlik by n dokter uitkom.
- Wanneer die kleuter terugkom skooltoe, moet die siekte verbeter het en n doktersbrief is noodsaaklik waarin bevestig word dat dit nie aansteeklik is nie.

Beleid in verband met kopluise:

- Om kopluise te beheer word daar eenmaal per week kopinspeksie by die skool gehou deur klasonderwyseres.
- Indien daar ’n moontlike besmetting is, word meer as een persoon se opinie gevra, om seker te maak.
- Een van die ouers word geskakel en die kleuter moet so gou as moontlik huistoe gaan, om oordrag te voorkom.
- Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die behandeling/medikasie te koop en toe te dien.
- Wanneer die kleuter terugkom skool toe, volg ’n kopondersoek deur die skoolhoof en ’n onderwyseres, in die teenwoordigheid van die ouer. Slegs as daar geen teken van nete (oud of nuut) op die kop is nie, mag die kleuter terugkom skool toe.
- Sertifikate wat deur dokters of susters of apteke uitgereik word, om te sê die kleuter se kop is behandel/skoon, is dikwels onvoldoende.
- Notas i.v.m. kopluise en die behandeling daarvan, is beskikbaar in die kantoor.

U sal versoek word om u kleuter by die huis te hou indien u kleuter:

- **meer as drie keer in 12 uur braak**
- **diarree het**
- **aansteeklike siektes het**
- **koors bo 38°C**
- **kindersiektes**

- **hewige hoes**
- **enige veluitslag**
- **ooginfeksies/rooi oë**
- **kopluise het**

U kleuter sal weer toegelaat word indien die toestand verbeter. Met 'n veluitslag, aansteeklike siektes en ooginfeksies, versoek ons 'n doktersbrief voor hertoelating en met kopluise, na inspeksie van hare.
Alle kleuters moet ten volle geïmmuniseer wees wanneer hulle die skool begin bywoon.

➢ Allergieë:

Indien u kleuter enige allergieë het waarvan ons bewus moet wees, gee dit asseblief skriftelik aan u kleuter se Onderwyseres. Dit is baie belangrik dat ons weet waarvoor u kleuter allergies is en wat hy/sy mag eet en nie mag eet nie.

➢ Skoolgelde en registrasiegelde:

'n Registrasiefooi van R700 word jaarliks betaal as u, u kleuter inskryf vir die jaar. Skoolgelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en moet voor of op die **1ste van elke maand** betaal word. Gebruik asseblief u kleuter se naam en van as verwysing. Heideland ontvang geen staatsubsidie nie. Die skoolgelde is die enigste inkomste waarmee al die skool se sake bedryf word. Fondsinsamelings word periodiek geloods ten einde spesifieke behoeftes te finansier en die skool maak staat op ouerbetrokkenheid.

➢ Briewe / School Communicator:

Briewe-dag is **Donderdae of Vrydag**, d.w.s. alle briewe word aan die ouers gestuur deur middel van die „School Communicator". **Lees asseblief elke brief wat ons uitgee, baie noukeurig deur**. As u as ouer nie u briewe lees nie en nie die skeurstrokies, wanneer nodig, nie terug stuur nie, is dit u kleuter wat daaronder ly. Dit is die enigste manier wat ons inligting aan u as ouers kan deurgee en seker kan maak dat u weet wat in u kleuter se skool gebeur. Indien u probleme ondervind met die „School Communicator" skakel 087 820 0088.

➢ Publieke vakansiedae en wanneer die skool gesluit sal wees

SIEN ASB KALENDER VIR PUBLIEKE VAKANSIEDAE EN DAE WANNEER DIE SKOOL GESLUIT SAL WEES

➢ Belangrike datums waarop funksies plaasvind

SIEN ASB KALENDER VIR BELANGRIKE GEBEURE BY DIE SKOOL

Skoolkonsert sal elke tweede jaar aangebied word.

➢ Oopsluit- en toesluit tye:

Die skool is oop vanaf 06:45 tot 17:30. Geen ouer sal voor 06:45 in skool toegelaat word nie, aangesien die onderwyseres en personeel eers die skool moet gereed kry vir die dag en seker maak dat alles veilig is.

Ouers wat laat kom in die middae, moet asseblief die volgende dag sy/haar "boete" kom betaal by Christelle. As u laat kom moet Linda die personeellid betaal vir die tydperk wat sy oortyd gewerk het. Ons hoop u verstaan!! **'n Boete van R50 sal gehef word vir elke 10 minute indien 'n baba/kleuter nie teen die vasgestelde tyd opgelaai is nie**.

As u skakel en laat weet dat u laat gaan wees, skakel asseblief vir Christelle (0766824245), maar u is nog steeds verantwoordelik vir die boetegeld, aangesien die personeellede in elk geval oortyd moet werk. Sien asseblief klousule in u kontrak aangaande tye.

➢ Skooltas:

U kleuter moet asseblief elke dag 'n groot genoeg tas saam skool toe bring. Merk asseblief u kleuter se tas duidelik aan die buitekant. Maak seker dat u kleuter twee stelle skoon klere in sy/haar tas het, asook 'n leë plastiese sak om vuil klere in terug huis toe te stuur. Bottels, dummies en bekertjies moet asseblief **duidelik gemerk** wees. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir ongemerkte goedere nie.

➢ Klere:

Maak seker dat u kleuter se klere, skoene, kouse, ens. **duidelik gemerk** is. Ons aanvaar geen verantwoordelikheid vir ongemerkte klere wat wegraak nie. Ons vra u om asseblief in die somer nie vir u kleuter skoene aan te trek nie. Peuters en kleuters moet asseblief ou, gemaklike klere skool toe aantrek, aangesien hulle baie aktief is en vuil word wanneer hulle buite speel. Indien dogtertjies rokkies of rompies aantrek, moet hul ski-pants onderaan aantrek. Los klere wat kan vashaak aan klimapparaat moet nie gedra word nie. Een-stuk pakkies/aanmekaar pakkies en belde maak toiletroetine moeilik vir u kleuter. Verlore klere word gehou vir 'n maand

***** Smeer asseblief u kleuter met sonblok soggens BY DIE HUIS.

➢ CCTV:

Neem asseblief kennis dat CCTV gebruik word, in en op die skoolterrein om kwaliteit en sekuriteit te monitor.

➢ Buitemuurse aktiwiteite:

Die skool hanteer geen fooie of kommunikasie van buitemuurse aktiwiteite nie. Ouers moet asseblief self een maand skriftelik kennis gee indien u kleuter hul buitemuurse aktiwiteite gaan beëindig. Onthou om u kleuter betyds in te skryf. U is welkom om by die kantoor uit te vind watter aktiwiteite aangebied word.

Buitemuurse aktiwiteite is nie verpligtend nie en moet asseblief nie u kleuter aan te veel buitemuurseaktiwiteite laat deelneem nie.

➢ Kindermusik:

Kindermusik word weekliks aangebied en is by u kleuter se skoolgelde ingereken.
U moet aan die begin van die jaar ’n eenmalige aansluitingsfooi betaal aan Kindermusik en nie aan Heideland nie.

➢ Kos, lekkers, speelgoed en juwele:

U kleuter **MAG NIE** eetgoed of speelgoed skool toe bring nie. Ons maak staat op u as ouers se samewerking. Dit sal weggeneem word en in die spens gebêre word waar u dit na skool kan kry. Indien u wel iets wil saamstuur, stuur dan genoeg vir die hele klas en handig dit by die Juffrou in. Heideland verskaf gebalanseerde etes en genoegsame drinkgoed om aan alle behoeftes van ’n groeiende kleuter te voldoen.

➢ Verjaarsdae:

Verjaarsdae is baie spesiaal. U is welkom om met u kleuter se juffrou te reël as u wil partytjie hou in die klas. U kan lekkergoedpakkies of koek bring. Beperk die eetgoed asseblief. Raadpleeg u kleuter se onderwyseres oor geskikte eetgoed. Ons kleuters is nog klein en is nie in staat om groot hoeveelhede soetgoed op een slag te eet nie. Ons beveel aan dat u of ’n verjaardagkoek en een soutigheidjie stuur of ’n verjaardagpakkie stuur met een soutigheid (Lays skyfies of Flings) en een of twee soetigheidjies (Jelly babies, marshmallows, chomp). GEEN BALLONNE OF SPRINGKASTELE NIE ASSEBLIEF! Indien u ’n koeldrankie wil stuur, stuur ’n appel- of druiwesappie. Sodoende is daar ook vir die allergiese kleuters iets om te eet en voel hulle nie afgeskeep nie.

➢ Dagprogram:

Die dagprogram **begin om 08:00** en ons sal dit baie waardeer as u kleuter betyds by die skool sal wees. Ontbyt word bedien tot **08:15**.

➢ Afhaal prosedure:

NB! Ouers beweeg asseblief aan linkerkant van skool na agterste speelgrond. Ons vra asseblief dat ouers **nie deur skool of kombuis sal loop in die middae nie**, sodat ons die assistente ‘n geleentheid kan gee om die skool weer silwerskoon, vir die volgende dag, te kry. Die voordeur sal gesluit wees vanaf 14:00. Maak asb. die hekke toe.

➢ Oplaai en aflaai:

Ons vra asseblief vir alle ouers om konsidererend te wees en so te parkeer dat die volgende ouer weer in staat sal wees om verby u voertuig te kan ry. Parkeer naby aan mekaar. Moet asseblief nie in die rybaan parkeer nie.

➢ Veiligheid van ons kleuters en ouers:

Die veiligheid van ons kleuters is vir ons die hoogste prioriteit. Skriftelike toestemming van die ouer/voog moet aan die onderwyseres of hoof gegee word indien enige ander persoon die kind kom haal.

U as ouers moet asseblief ten alle tye versigtig wees as u, u kleuter kom aflaai of oplaai. Maak asseblief seker dat dit veilig is voordat u uitklim of inklim. Indien u enige verdagte of ongemagtigde persoon in die parkeerarea of oorkant die pad sien – wag totdat daar nog ouers is, sodat u nie alleen is nie. Sluit asseblief u motor!!

Moenie u handsak, rekenaar, selfoon of waardevolle artikels in die kar los nie. Plaas dit in u motorbak voordat u by die skool stilhou. Maak doodseker dat u motor gesluit is.

Die voorste hek moet ten **ALLE TYE** toegemaak word, moenie dit ooplaat as u 'n ander ouer sien aankom nie!! **Moet asseblief nie *vreemde persone* saam met u by die hek inlaat nie!!**

Wanneer u die skoolterrein in die middae verlaat, is u kleuter u verantwoordelikheid en moet u, u kleuter se hand vashou sodat hy/sy nie voor 'n motor inhardloop nie.

➢ Dagverslae:

Die Miertjie en Bytjie klasse se dagverslae is in die middae by middagpersoneellid, sodat u as ouer kan sien hoe hul oggend verloop het.

➢ Aankomstyd:

Neem asseblief vroegtydig afskeid van 'n baba/peuter/kleuter, sodat u hulle net 'n soentjie kan gee en dadelik weer kan gaan. Hoe langer 'n ouer rondstaan, hoe moeiliker is dit vir die kleinding.

Loop eerder om die skool en loer ongemerk deur die venster. Hulle hou sommer gou op huil. Ons vertroos hulle en los hulle nie net nie – dit verseker ons u!! Die eerste paar weke is die ergste, maar daarna kom alles gou reg!!

Indien u kleuter 'n slegte nag gehad het, maar gesond genoeg is om die dag skool toe te kom, moet asb. nie voor u kleuter vir die Juffrou sê dat hy/sy siek is nie en dat die juffrou moet skakel indien hy/sy sleg voel nie. Die kleuters is slim genoeg om die situasie te manupileer.

➢ Vorderingsverslae:

Februarie word 'n verslag uitgegee om aan te dui of u kleuter al aangepas/ingeskakel het. Volledige verslae word gedurende Junie en Desember uitgegee.

➢ Kuns:

Aan die einde van die kwartaal word u kleuter se kuns huistoe gestuur.

- **Bewegingspele:**

Bewegingspele word op die volgende dae gehou:

Miere	:	Maandae	Naaldekokers	:	Woensdae
Bye	:	Dinsdae	Sjongololo's	:	Donderdae

Geen kuns sal op hierdie dae gedoen word nie.

- **Bak & Brou en Tuinbou en Natuurwetenskap/Eksperimente:**

Ons bak & brou een week en die volgende week doen ons tuinbou en die daarop volgende week doen ons Wetenskap/Eksperimente. Onthou asseblief om u kleuter se bak & brou huistoe te neem wanneer hulle gebak en brou het.

- **Ouerbelangstelling:**

U moet asseblief vrymoedigheid neem om 'n afspraak te maak en om enige probleme of vrae wat u het, met ons kom bespreek. Moet asseblief nie gedurende skoolure in die klasse steur nie. Sodoende gaan kosbare lestyd verlore en die kinders ly daaronder. Indien u die onderwyseres wil skakel, bel asseblief tussen 10:15 en 11:15 op die landlyn of op Heideland se selfoon nommer 071 564 6151 of vir Linda by 082 853 1914 of los by ons sekretaresse 'n boodskap. Personeel skakel hul selfone gedurende werksure af.

Indien u 'n afspraak met u kleuter se juffrou wil maak, om een of ander iets of probleem met haar te bespreek, maak 'n afspraak met haar op die middag wat sy werk en/of toesluit.

Vra asseblief daagliks u kind belangstellend uit na sy/haar aktiwiteite by die skool. Spreek asseblief u waardering vir elke werkstuk uit. Elke poging is kosbaar.
Woon gereeld ons funksies by en ontmoet al die ander ouers. Wees altyd positief teenoor die skool en sy mense, veral voor u kind. As u 'n probleem met 'n personeellid ondervind, of as u enige onduidelikheid oor 'n saak het, maak asseblief onverwyld 'n afspraak, sodat enige probleme of misverstande dadelik uit die weg geruim kan word. Christelle se selnommer: 076 682 4245, Linda se selnommer: 082 853 1914 .

Algemeen:

Dit is in die kleuters se belang om hulle volgens 'n vaste roetine op bepaalde tyd skool toe te bring en weer te kom haal. Moenie u kleuters onnodig tuis hou nie, veral nie die Graad R kleuters nie.
Ouers moet asseblief self hul kleuter in die oggende by sy/haar onderwyseres afgee. Daaglikse kommunikasie tussen ouer en skool is belangrik.
Dit is die ouers se verantwoordelikheid om die skool, per email info@heidelandkleuterskool.co.za in te lig indien u telefoonnommers of woonadres of werksadres verander.

Heideland-groete
Linda Bosch & Personeel